# STUDIEGROEP TEOLOGIE (OOS-KAAPLAND)

J W V VAN HUYSSTEEN

Vanweë die feit dat die Oos-Kaapland geografies redelik afgesonder is, bestaan daar geruime tyd reeds 'n groot behoefte by plaaslike teoloë, asook predikante van verskillende kerke, om op een of ander wyse te deel in 'n groepsbesinning oor aktuele probleme binne die konteks van die huidige teologiese diskussie. Die bestaan van die Universiteit van Port Elizabeth het dit moontlik gemaak om iets in hierdie verband te organiseer, en gedurende Januarie 1978 kom die Studiegroep Teologie (Oos-Kaapland) op inisiatief van die plaaslike Departement Bybelkunde tot stand.

Die Studiegroep het reeds twee uiters vrugbare jare agter die rug en trek sy lede uit feitlik al die verskillende Afrikaanse en Engelse Kerke. Hierdie ledetal staan tans op ongeveer 70 persone en neem steeds toe. Deur middel van 'n minimale jaarlikse ledegeld is dit vir die bestuur van die Studiegroep Teologie moontlik om minstens viermaal per jaar individuele lesings, lesingreekse, teologiese konferensies en semi= nare aan te bied.

Die temas van hierdie byeenkomste sluit in hoofsaak aan by die wyse waarop die plaaslike Departement Bybelkunde gestruktureer is, met ander woorde, uiteenlopende temas uit veral die Ou Testamentiese Wetenskap, die Nuwe Testamentiese Wetenskap en die Sistematiese Teologie word deur plaaslike dosente of gasdosente behandel. Sonder uitsondering is elke kursus tot dusver met groot entoesiasme en in groot getalle bygewoon.

Die program van die Studiegroep Teologie is in 1978 van stapel gestuur met 'n lesing deur prof Bernard Lategan (Universiteit van Stellenbosch) oor huidige tendense in die Christologie. Kort daarna het drs Francois Swanepoel (Universiteit van Port Elizabeth) gevolg met 'n lesingreeks oor die hermeneutiek van die Ou Testament, toegespits veral op Gen 1 - 11.

Later gedurende dieselfde jaar het prof Wentzel van Huyssteen 'n lesing= reeks oor die vyf belangrikste fasette van die teologie van Wolfhart Pannenberg gehou. Hierdie reeks het oor vyf weke gestrek en was bedoel as voorbereiding vir die besoek van hierdie bekende Duitse teoloog - 'n besoek wat kort daarna ongelukkig afgestel is.

Die program vir 1978 is afgesluit met 'n kursus oor Nuwe Testamentiese

Metodeleer, en is aangebied deur mnr Pieter Maartens van die plaaslike Bybelkunde Departement.

Drs Francois Swanepoel het die 1979-program geopen met 'n eksegetiese studiereeks oor die boek Habakuk, wat oor ongeveer vier weke gestrek het. 'n Hoogtepunt gedurende 1979 was 'n uitnodiging aan prof Willie Jonker (Universiteit van Stellenbosch) en prof Johan Heyns (Universiteit van Pretoria) wat saam 'n tweedaagse teologiese konferensie oor Skrifleer en Prediking gelei het. Hierdie geleentheid is deur predikante vanuit die hele Oos-Kaap bygewoon en was veral ook vanuit 'n besprekingsoogpunt 'n reuse sukses.

Later in 1979 het die Studiegroep Teologie die voorreg gehad om prof André du Toit (Teologiese Fakulteit, Universiteit van Pretoria) as gas=dosent te verwelkom. Prof du Toit het verskeie insiggewende lesings rondom die aard van die Evangelies gehou. Die 1979 jaarprogram is uit=eindelik afgesluit met 'n slotvergadering waar prof Adrio König (Unisa) opgetree het en referate gelewer het rondom huidige tendense in die Godsleer, asook die vraag na die verhouding God en geskiedenis.

Wat 1980 betref: prof Murray Janson (Unisa) het reeds voor lede van die Studiegroep 'n lesing gelewer oor die verhouding Godsdiens en Sielkunde. Ons hoop om gedurende Mei ook vir Proff Ian Eybers en Jimmy Loader hier te verwelkom, en in Junie sal die bekende dr John de Gruchy (Universiteit van Kaapstad) 'n lesingreeks oor die lewe en werk van Dietrich Bonn=hoeffer aanbied.

Lidmaatskap van die Studiegroep Teologie is oop vir enigiemand met 'n teologiese of bybelkundige kwalifikasie. 'n Behoefte wat egter steeds meer dringend word, is ruimte vir die publikasie van referate wat voor die Studiegroep gelewer word. Juis 'n tydskrif vir Bybelkunde kan miskien hierdie groot leemte vul.